# Welkom by NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

**VAN SELFGESENTREED TOT STRYDER VIR GOD**

*Dele uit Genesis 32 & 33*



# Votum



# Seëngroet

# Lied 200: 1

U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie -

wie word daardeur nie diep getref!

Niks anders bring vir ons die heil nie -

ons wil ons hart tot U verhef.

# L 200:1 (vervolg)

Aan U alleen ons dank en ere -

U wat ons in u liefde lei.

U sal ons nooit vergeet nie, Here -

U wil ons in u waarheid lei.

# L 200:2

U is die Heer wat ons gemaak het,
voor U kom ons, u skepsels, staan;
U is die Heer wat steeds gewaak het,
deur wie ons gans en al bestaan.

# L 200:2 (vervolg)

U bring in ons gemoed die vrede,
U sterk ons gees met nuwe krag;
U gee u lig ook oor ons rede -
dis U van wie ons heil verwag.

# Genesis 32:22-31 & 33:1,3-4;9-11



- Jakob en Esau - Inleiding
  - God en Jakob by Bet-El
    - Jakob en Laban in Haran
      - Jakob se kinders
    - Jakob en Laban by Pniël
  - God en Jakob by Pniël
- Jakob en Esau - Slot

Jakob en Esau - Inleiding

God en Jakob by Bet-El

Jakob en Laban in Haran

Jakob se kinders

Jakob en Laban by Pniël

God en Jakob by Pniël

Jakob en Esau - Slot

# Wat het ons oorgeslaan?

By Laban: Werk 7 jaar vir Ragel

Laban bedrieg hom - gee Lea

Jakob woedend oor die bedrog

Laban gee vir hom Ragel – nog 7 jaar

Hele stryd oor kleinvee

Na 20 jaar vat hy sy goed en trek terug

Skoonpa sit hom agterna


Jesus U is hier

# Jesus U is hier

Jesus U is hier
U ster skyn deur die nag
Lei ons op u pad, Heer
Jesus U is hier


Jesus U is hier
U Gees lei ons vandag
Gee ons moed en krag, Heer
Jesus U is hier


Jesus U is hier
U olie maak ons heel
Genees ons na U beeld, Heer
Jesus U is hier


Jesus U is hier
U Woord is brood wat voed
Leer ons wat is goed, Heer
Jesus U is hier


Genesis
32:22-32 &
33:1,3-4;9-11

# Genesis 32: 21-32

21.So is die geskenk voor Jakob uit gestuur, *maar hy het die aand*
*in die kamp oorgebly*. 22. Die nag het hy opgestaan en sy twee
vrouens en sy twee persoonlike slavinne en sy elf kinders gevat
en deur Jabbokdrif gegaan. 23. Nadat hy hulle deur die rivier
gevat het, het hy ook alles wat hy besit, laat deurgaan. 24. *Jakob*
*het alleen daar agtergebly*, en 'n man het tot dagbreek met hom
gestoei. 25. Toe die man agterkom dat hy nie vir Jakob kan wen
nie, het die man, terwyl hy met hom stoei, vir Jakob teen die
heup geslaan sodat dit uit die potjie gespring het.

# Genesis 32: 21-32

26. Die man het vir Jakob gesê: "*Los my, want die dag breek*.“ Jakob het geantwoord: "*Ek sal jou net los as jy my seën*.“ 27. Toe vra die man: "*Wat is jou naam?*" en hy antwoord: *"Jakob.“* 28. Die man het gesê: "*Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel, want jy het teen God en teen mense 'n stryd gevoer en jy het dit end-uit volgehou*.“ 29. Toe sê Jakob: "*Sê my tog jou naam,*" en die man vra: *"Waarom vra jy my naam?“* Hy het vir Jakob net daar geseën, 30. en Jakob het die plek Pniël genoem, "*want,*" het hy gesê, "*ek het God van aangesig tot aangesig gesien en tog het ek nie omgekom nie*.“

# Genesis 32: 21-32

31. Net toe Jakob by Pniël verbygaan, het die son opgekom. Jakob het mank gebly aan sy heup, 32. en daarom eet die Israeliete tot nou toe nie die senuweebondel wat aan die heup vaskom nie, want die man het vir Jakob teen sy heup geslaan, op die heupsenuwee.

**Genesis 33:1-4;9-11**

1. Toe Jakob deur die spruit was, het hy vir Esau in die verte sien aankom met vier honderd man by hom....

3. Hy self het verbygegaan tot heel voor en toe hy nader na sy broer toe kom, het hy sewe keer diep gebuig. 4. Esau het hom tegemoet gehardloop en hom omhels Esau het sy arms om Jakob se nek gesit en hom gesoen, en hulle het gehuil.....

# Genesis 33:1,3-4;9-11

8. Toe vra Esau: "*En wat is jou bedoeling met al daardie goed wat ek gekry het?*" en Jakob antwoord: "*Dit is om u vriendskap te wen*." 9. Maar Esau sê vir hom: "*Broer, ek besit self baie. Wat joune is, moet joune bly.*" 10. Toe sê Jakob: "*Nee, as u my goedgesind is, moet u my geskenk aanvaar. Ek het na u toe gekom om u goedgesindheid te wen net soos wanneer 'n mens in die teenwoordigheid van God verskyn. En u het my vriendelik ontvang. 11. Aanvaar tog my geskenk wat vir u gebring is, want God was goed vir my en ek het oorgenoeg.*" Jakob het by Esau daarop aangedring, en toe aanvaar hy die geskenk.

20. Jakob ht daar 'n altaar gebou en dit gnoem: Die God van Israel is God.

# Storie van die twee broers wat bitter kwaad was vir mekaar



# Storie van die twee broers wat bitter kwaad was vir mekaar



**32:1-21 - <u>Aanloop</u>:** Vasgevang tussen twee wêrelde

**32:22-29 - <u>Hoofdeel</u>:** Worsteling met die Here

**32:30-33:20 - <u>Afloop</u>:** ’n Nuwe begin



# 32:1-21 - Aanloop: Vasgevang tussen twee wêrelde

# Jakob stap weg van konfrontasie met skoonpa

Sien iets merkwaardig: engele leërskare

Noem plek: Maganajim



# Maganajim beteken twee goed:

1. Twee kampe/ wêrelde/ twee raliteite

Jakob is vasgevang tussen twee wêrelde



# Maganajim beteken twee goed:

2. Alhoewel so genoem <u>leef Jakob nie met die bewustheid van ‘n *Goddelike realiteit* nie.</u>



# Ons sien dit duidelik:

Jakob doen alles in sy vermoë om sy eie bas te red by herontmoeting (bang)

- Stuur boodskappers (4)
- Bid tot God – *manipuleer (9-12)*
- Oorlewingsplan – geskenke (13-21)
- Deel alles in twee (7-8, 21-23



# Is dit nie maar ook hoe ons maak nie?



- Wanneer ons vasgevang is tussen twee wêrelde;
- Gekonfronteer met verlede;
- Wanneer ons moet aangaan ...
- Besluite moet maak oor my toekoms, oor my werk, aftrede;
- Fokus op die realiteite voor ons en te vergeet die Goddelike realiteit Goddelike leërskare – God se teenwoordig;

# Is dit nie maar ook hoe ons maak nie?



Vanoggend <u>**bemoedig**</u> verhaal ons met die perspektief van die twee kampe - **Maganajim** – Ons hoef nie staat te maak op eie vermoeëns nie!

**Herhalende tema** – Dawid vlug vir Absalom en Elisa en Gehasie – Meganajim eie realiteit & God



# 32:22-29 - Hoofdeel: Worsteling met die Here



**Worsteling met die Here maak ons oog oop vir ons onvermoëns skerp kante & God se realiteit in my lewe.**



# Die geveg gee klein stukkies detail:

- Dit was ‘n geveg vir oorlewing – *kan nie wen & aandrang op seën*;
- Jakob word gevra na sy naam – bedrieër – God uithou;
- Jakob se naam word verander na ‘***Israel***’
- Op heup geslaan - mank
- Skielik breek die lig deur – dit was God – Hy los my nie



Wanneer ons tussen twee wêrelde vasgevang is en in eie krag wil aangaan, is daar dikwels eers ’n worsteling/ krisis nodig voordat ons besef ***wie ons is*** en ***wie die Here ons gemaak het; voordat ons roeping kan opneem.***



Vanoggend kom staan die Here voor jou met die vraag: ***Wie is jy?***
Vanoggend wil die Here ook jou naam kom verander na **Israel**!

# As ek eerlik is

Ek is Jakob mank van pyn
Eva wat wegkruip in die tuin
Ek is Sara lag en huil
Hagar in die diep woestyn

# Refrein

As ek eerlik is
Dit is wie ek is
As ek eerlik is

Ek is Judas met ‘n liefdeskus
Hanna wat haar hande vou
Ek is Dawid wat sy hart laat rus
en die vrou wat U kleed vasklou

# Refrein

As ek eerlik is -
dit is wie ek is,
as ek eerlik is

Ek is Elia by die besembos
Jona wat eindig in die vis
Ek is Job wat lê in as
en die vrou wat U voete was

**Refrein**

As ek eerlik is -
dit is wie ek is.
As ek eerlik is -
dit is wie ek is,
as ek eerlik is

Ek is die een langs Jesus aan die kruis
wat fluister Heer onthou my tog
en U wat antwoord vandag nog
**sal jy altyd by my wees!**

**Refrein**

As ek eerlik is

Dit is wie ek is

As ek eerlik is

Dit is wie ek is

As ek eerlik is (x3)

O God van Jakob én van Esau,
God van Ragel én van Lea,
en van Bilha en Silpa,
God van ons voorgeslagte
én van ons nasate,
help ons om te onthou wie ons werklik is:
u kinders,
geskape na u beeld,
bestem om te doen wat goed en reg is,
u geliefdes.
Help ons om altyd by U wees!



# 32:30-33:17 - Afloop: ’n Nuwe begin

# Bewyse van nuwe begin - kontraste

- ***Vrees*** (bang) word ***vertroue*** (stap voor - vers 3)
- ***Afstand*** (stuur ...) word ***nabyheid*** (omhels en soen - vers 4)
- ***Omkoopgeskenke*** word ***versoeningsoffer*** (10-11)
- ***Angstige*** *dwingende* ***gebed**,* word ’n **belydenis** (God is goed vir my – vers 11)
- **Eie planne** word ‘n **altaar en offer** (God v Israel is God – vers 20 – Neem plek in God se plan in)

Hierdie verhaal wil my en jou uitnooi:

- Jy kan ook nuwe begin maak;
- Jy kan ook wanneeer jy in jou wêreld vasgevang is weer voor begin;
- Jy kan ook jou verlede in die oë kyk;
- Jy kan ook die uitdagings wat nou voor jou pad staan met moed aanpak;

Hoe? Wanneer jy erken wie jy is en deeglik rekening hou met God en Hom toelaat om…

# Storie van die twee broers wat bitter kwaad was vir mekaar




Van selfgesentreerd
tot stryder vir God

# VONKK 277:1

**U is die lig wat deur die donker skyn.**
**U is die een wat duister laat verdwyn.**
**Skyn in ons harte, dryf die donker uit.**
**Skyn in ons lewens tot in ewigheid.**

*Refrein:*

**Jesus Christus, ons glo in U,**
**ons buig voor U neer, buig voor U neer.**
**Jesus Christus, ons God en Heer,**
**ons bring nou aan U die eer.**

**U is oorwinnaar, U't die dood verslaan.**
**U het as Koning uit die graf gegaan.**
**Breek nou die bande,**
**gooi die boeie neer.**
**Ons is oorwinnaars saam**
**met U, ons Heer.**

*Refrein:*

**Jesus Christus, ons glo in U,**
**ons buig voor U neer, buig voor U neer.**
**Jesus Christus, ons God en Heer,**
**ons bring nou aan U die eer.**

